**Advertensie  Graad 7 EAT**

Kyk na die advertensie hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.



# Dag vol pret en plesier!



## Laerskool Saamstaan


## hou `n kermis!

**(Ons samel fondse in vir ons opgradering van badkamers.)**

Wanneer? Saterdag 4 Julie

Waar? Op die rugbyveld

Hoe laat? Ons begin 9 uur





**Baie interessante uitstallings.**

Kom koop gerus heerlike pannekoek, vetkoek met vulsels en worsbroodjies.

Daar sal ook verskeie springkastele en mallemeules wees.

Daar is ook kameelritte en perderitte.



**Beantwoord die vrae.**

| | | |
|---|---|---|
| **1.** | **Watter skool bied hierdie funksie aan?** | **(1)** |
| **2.** | **Waar word die funksie aangebied?** | **(1)** |
| **3.** | **Hoe laat begin die aktiwiteite? Skryf die tyd in woorde uit.** | **(1)** |
| **4.** | **Watter tipe funksie word aangebied?** | **(1)** |
| **5.** | **Watter aktiwiteite kan leerders aan deelneem? Noem twee.** | **(2)** |
| **6.** | **Wie is die teikengroep vir hierdie advertensie?**<br>**Motiveer jou antwoord.** | **(2)** |
| **7.** | **Waarom bied die skool hierdie funksie aan?** | **(1)** |
| **8.** | **Watter element in hierdie advertensie het jou aandag getrek?**<br>**Gee `n rede vir jou antwoord.** | **(1)** |

**TOTAAL 10**

**Memorandum**

| Nr. | Antwoorde | **Vlak** | **Punt** |
|---|---|---|---|
| 1. | Laerskool Saamstaan | **1** | **1** |
| 2. | Op die rugbyveld | **1** | **1** |
| 3. | nege uur | **3** | **1** |
| 4. | `n Kermis | **1** | **1** |
| 5. | Springkasteel<br>mallemeule<br>kameelritte<br>perderitte<br>(Enige twee) | **1** | **2** |
| 6. | Kinders – hulle hou van die verskillende aktiwiteite.<br><br>of | **4** | **2** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Ouers – hulle sal graag hulle kinders wil bederf.<br><br>of<br><br>Ouers wat eetgoed wil gaan koop.<br><br>of<br><br>Lede van die gemeenskap wat fondsinsameling wil ondersteun / kos koop ens.<br><br>(Enige aanvaarbare antwoord) | | |
| **7.** | **Hulle wil die skool se badkamers verbeter/ mooi maak.** | **3** | **1** |
| **8.** | **Prente – dit lyk aanloklik**<br><br>**Skriftipe – dit is \`n groot en duidelike opskrif.**<br><br>**Opskrif: Dag vol pret en plesier! Dit klink opwindend.** | **5** | **1** |